23 Desember **Skrifgedeelte: 1 Timoteus 5:1-6:2**
Fokusgedeelte: 1 Timoteus 5:4,8

Bloed is dikker as water

Bloed is dikker as water. Daarmee sê ons dat daar ‘n besondere band tussen familielede is – hulle het dieselfde bloed in hul are. Daarom moet hulle omgee vir mekaar. Hulle moet vir mekaar sorg, mekaar help en mekaar bystaan in nood … veral in nood van die ouderdom. Ook in die eensaamheid van weduweeskap en wewenaarskap rus daar ‘n plig op die familie. Deur te help, leef jy jou geloof uit. Kinders en kleinkinders moet leer om as gelowiges hulle verpligtinge teenoor hul eie familie na te kom. Sodoende vergoed hulle hul ouers en grootouers en dit is volgens God se wil (vers 4).

Paulus leer verder in vers 8 hoe belangrik die gesins- en familiebande is. As iemand dit nie eerbiedig en sy verantwoordelikheid teenoor sy huisgesin nakom nie, verloën hy die geloof. Só iemand is slegter as ‘n gelowige! Ons sien hier weer dat ons geloof in ons dade sigbaar moet wees.

Sorg vir jou familie, maar onthou dat jy ook geloofsfamilie het, dat jy ‘n broeder en suster in die geloof het. Christus leer in die liefdesgebod dat ons God bo alles moet liefhê en ons naaste soos onsself. In Lukas 10:25-37 verduidelik Christus in ‘n gelykenis hoe die liefde en sorg vir jou naaste in die praktyk werk. Doen goed aan almal wat op jou pad kom. Help waar jy kan.

In hierdie tyd voor Kersfees maak ons gereed om as familie en vriende saam te kuier. Dank God vir die voorreg wat ons het om dit nog te kan doen en bid vir hulle wat alleen gaan wees.

Sing: Psalm 68:1,3 Ds W Vogel (Welkom)